Sampie Seekoei nr 2 Leesbegrip Datum:

Helderklok en Melkklok, die ander twee koeie ontmoet die ander diere saam met Minnie Merrie, Blits die perd, Piet en Pollie Vark en Sara Skaap het hulle stadig na die hooimied beweeg. Op pad ontmoet hulle Ellie Eend wat alreeds besig was om wurms te soek. “Kwaak… kwaak … kwaak …- na die hooimied – Dit sal heerlik wees om daar te skinder, kwaak! Kwaak! Kwaak! Kom Gert Gans, ons sal lekker happies langs die pad raakloop kwaak!” “Ek sal nou-nou by jou wees. Ek wonder wat Klara ons wil vertel!” blaas Gert Gans.

Klara was alreeds agter die hooimied toe die diere daar opdaag. Sy was bietjie gespanne en kon maar net hoop dat hulle die nuus kalm sal aanvaar. Sy wou nie hê hulle moes te opgewonde raak en te gou vir Wagter die hond, wakker maak nie. Sy sou later met hom en Baas Boer onderhandel. Eerstens moes haar plaasvriende die nuus weet.

“Moo! Moo! Goeie more! Ek is bly dat julle kon kom. Gaan sit asseblief en maak julle self tuis. Wat ek julle wil vertel, is baie belangrik!” sê Klara. “Oink! Oink! Ons is reg en ons wag,” sê Pollie Vark. “Asseblief Klara, vertel nou!” “Kloek! Kloek! Kloek! Ek het nog nooit van ‘n koei met geheime gehoor nie! As dit nou ‘n hen was! Ja, dit kan ek verstaan, henne steek dikwels hulle neste weg. Maar laat ons hoor - - kloek - - kloek - - kloek. Ja, vertel tog”, kloek Hessie Hen daar waar sy ewe trots langs Haantjie Haan staan.

“Moo.,” sê Klara ewe skaam. “Vriende moet asseblief nie bekommerd of ontsteld wees nie en Ellie Eend, moet tog nie huil nie. Daar is iets by die dam!” “Ag nee, kwaak – kwaak – kwaak,” kerm Ellie. “Dit is tog nie ‘n krokodil met skerp tande wat ‘n eendjie soos ek wil vang nie?” “Oink! Oink! Oink!” gil Pollie vark. “Tog nie ‘n krokodil wat kan byt nie! O, Klara, nee!” “Ons moet Koos Boer gaan haal om hom weg te jaag, ek bly beslis nie saam met ‘n krokodil op die plaas nie,” runnik Minnie Merrie. “Ag bly tog almal stil,” loei Klara vererg. “Ek het nooit van ‘n krokodil gepraat nie! Laat ek verduidelik . . . “

Opdrag:  Beantwoord die vrae in VOL sinne!
Opskrif:  **<u>Antwoorde: Sampie nr 2</u>**
<u>Vragies:</u>
1.  Watter geluide maak :  a) ‘n perd  b) ‘n koei  c) ‘n vark  d) ‘n eend    e) ‘n hond
2.  Watter soort dier is Gert?
3.  Waar was Klara toe die ander diere opdaag?
4.  Wat sou gebeur het as die diere ‘n lawaai maak?
5.  Hoe weet ons dat Pollie nuuskierig was om die geheim te hoor?
6.  Waar het Hen gesit?
7.  Was Klara se nuus onbelangrik?
8.  Soek woorde uit die leesstuk wat die **teenoorgestelde** is van die volgende woorde:
a) vinnig   b) vroeër   c) aand   d) onbelangrik   e) voorbarig   f) lag
9.  Skryf die volgende woorde in :  let+ter+gre+pe!
Helderklok,  ontmoet.  stadig, hooimied,  happies, raakloop, vertel, skinder, belangrik, geheime, asseblief, dikwels, neste, bekommerd, ontsteld, krokodilletjie, beslis, verduidelik.
10.Skryf DRIE woorde uit die leesstuk neer wat **SAMESTELLINGS** is! Onthou jy dit?